3 November 2009

# Skimkamp en 40$^{ste}$ Verjaarsdag

Dagsê Sawanante,

Hier is 'n uittreksel van 'n briefie wat vir my aangestuur is:

## Lekker kamp – lekker verjaar – lekker lag – lekker kuier

Ons wag vir julle op 'n lekker plekkie: **Bottoefontein**

Nou ja, dis ons verjaarsdag en daarmee saam 'n Skimkamp.

Ek weet julle wonder al waar dit gaan wees en hoe vêr Noord gaan ons ry, ai is dit nou Noord of Wes? Nou weet ek nie meer nie ………………… sal 'n bietjie moet dink oor die rigtings, kyk die N1 loop mos nou nie reg Noord nie so julle sal my moet help.

Vir die wat nie weet hoe Suidwes-Kaap se Skimkampe werk nie wil ons net so ietsie vertel en 'n paar wenke gee:

**Nr. 1** – Sorg dat jy kom saam kamp, en by die begin punt begin (N1 Engen 1-stop, rigting Paarl). Ons sal julle nog laat weet wat om saam te bring, maar die een moet jy nou al inpak – **jou kampgees!** (en 'n gazebo, 'n broodresep en jou brood-oondjie – as jy het).

**No.2** – Wees reg vir die onverwagse en kom kyk wat gebeur. Vir die kinders is daar ook 'n paar verrassings. O ja, en julle moet vir Ma en Pa help om by Bottoefontein uit te kom. Die pad kan moeilik raak met al die raaisels op die roetekaart.

**No.3** – Seniors, kom kyk wat het die Loeries uitgedink om te doen – hulle bly maar puik en regte staatmakers!

**No.4** – Verwag iets anders by die kamp, sommer so met die ry na die kamp toe al, en onthou ons wil hê julle moet dit geniet!

**No.5** – Ons soek 2 spanne van elke streek wat kan deelneem, aan die Saterdag middag se pret. Hieroor sal ons later weer met julle gesels.

Daardie naweek wil ons baie graag 90-plus woonwaens saam wees en daarom wil ons julle nou al vra om 'n groot kring om 19 tot 21 Februarie 2010 te trek. Kom wees deel van Suidwes-Kaap se geskiedenis!

Ek het 'n geheim vir julle, ai brand so om julle te vertel……………Jy mag vir niemand vertel nie, kyk as dit uitkom dan weet ek jy het vertel, so zipped né. Ai, te veel oë hier, so kom gesels met my die skim by swk.skim@gmail.com. O ja, daar is nog 'n

geheim – die een kan ek dalk vir julle vertel – julle lyk al so opgewonde vir die groot saamtrek… ek is die skim en nie Niël of Petrus nie…

Onthou die R200 deposito voor einde November. Mense, dit wat julle gaan terug kry is meer as op 'n ander naweke en ons probeer om dit so goedkoop as moontlik te maak. Ons het baie uitgawes wat ons lank voor die tyd moet aangaan en daarom is getalle vir ons belangrik.

Nou ja, dit was die uittreksel uit die briefie... meer kan ons nie nou uitlaat nie.

**Die Skim**: Corrie Schmiedeskamp van Gebied Goeie Hoop het laat weet dat daar van julle is wat sukkel om by die skim uit te kom. Kan nie wees nie! Sy e-pos adres is swk.skim@gmail.com. Maak net seker dat jou e-pos program wel die **swk** en 'n **punt** voor die **skim** sit, anders gaan jou e-pos na nêrens.

**Bankdetails**: Die bankdetails is ook glo onduidelik op die vorige brief. Hier is dit weer:

Vir bankbetaling:
Bank: **ABSA**
Taknommer: **632005**
Rekening nommer: **713586196**
Verwysing: **SWK-[streek voorletter]-[voorletters en van]**
*Voorbeelde vir verwysing:*

| | |
|---|---|
| *Albatros:* | *SWK-A-C Stofberg* |
| *Helderberg:* | *SWK-H-J Hayes* |
| *Noord-Boland:* | *SWK-N-W Kotze* |
| *Suidwes-Kaap:* | *SWK-S-J Oosthuizen* |
| *Besoeker:* | *SWK-X-J Alleman* |

NB: Hou 'n bewys van betaling en e-pos dit deur na swk.skim@gmail.com. Jy kan dit ook faks na 0866127747.

November is tradisioneel almal in SAWA se kerskampe – geniet dit!

Veilig sleep

Petrus Theron: 0836255418
Niël Goslett: 0833057366

Nms. Die reëlingskomitee